Die Burger, 20 September 1984

# Teoloë moenie hulle oor politiek uitlaat

C.F.J. BREYTENBACH, Clanwilliam, skryf:

As getroue leser van Saterdae se rubriek "Geestelike Waardes" in Die Burger is dit met al groter ontsteltenis dat ek waarneem dat die werklik geestelike pitkos in hierdie rubriek al hoe minder word. Waarom moet ook geestelike sake deesdae deur 'n politieke bril bekyk word en ook die teologie en die evangelie, die ware evangelie van Jesus Christus, met die politiek besmet raak?

## MORAAL

Ek lees in Die Burger van 18 Augustus onder die opskrif "'n Tweede bekering" dat "die toets vir ons Christenskap nie net lê op die gebied van die persoonlike moraal nie, maar ook op die gebied van die gemeenskaplike moraal, en meer spesifiek ook van ons politieke moraal".

Die Liewe Vader moet my bewaar vir dié dag dat my Christenskap meer spesifiek van my politieke moraal afhang. Nêrens in Die Bybel lees ek dat Christus so 'n evangelie verkondig het nie.

## INTEGRITEIT

Baie breedvoerig word verwys na die baie mense in ons land met "'n egte geloof in die evangelie, met sekerheid dat hulle sonde deur God om Christus ontwil vergewe is, wat daarna streef om in gehoorsaamheid aan die wil van God te lewe, mense met geestelike integriteit, met 'n groot ywer vir die verkondiging van die evangelie," ens. En tog blyk dit volgens WDJ dat hierdie mense "volkome blind kan wees vir vorme van onreg wat 'n bo-persoonlike vorm aanneem".

Volgens WDJ kan dit "byna iets soos tweede bekering vra om mense bewus te maak van die vorme van ingeboude kwaad in die opset van ons samelewing". Daar is mense wat "ontsteld word as iemand sou suggereer dat hulle skuldbelydenis ook die aandeel moet omvat wat hulle daaraan het dat daar politieke strukture in ons land bestaan waardeur hulle ten koste van andere bevoordeel word, en wat die morele integriteit van ons hele volk bedreig".

Kan ons teoloë en bedienaars van Die Woord nie die politiek maar liewer vir die politici los en hulle beywer om mense tot 'n ware bekering te bring nie? Dié soort bekering waarvan Christus in Die Bybel leer. Dan sal dit nie nodig wees om onder 'n geestelike kombers politieke bekering te predik nie.

Watter voorbeeld het Jesus aan ons gestel? Wat was Sy antwoord nadat die Fariseërs en Herodiane hom versoek het met die vraag: "Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie?"

## VOORBEELD

Het Hy hulle opgesweep en aangevuur om in opstand te kom teen die Romeinse juk wat swaar op hul nekke gerus het? Of het Hy gesê: "Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom" (Matt. 22:21).

Nêrens lees ek in Die Bybel dat Jesus hom aktief met die politiek bemoei het en oordele oor politieke strukture uitgespreek het nie. Hy is immers die Volmaakte. Kan ons dan nie maar Sy voorbeeld volg nie? Ek dink Hy was té besig om die wil van Sy Vader uit te voer om Hom met probleme soos 'n tweede bekering vir politieke gewin te bemoei.

## SKYN-CHRISTENE

Die ware Christen se oë kán en sál nooit vir enige vorm van onreg gesluit wees nie, want as ons blind is vir hierdie dinge, is ons skyn-Christene. Die vraag is egter: Wat moet ek as gelowige *doen* om onder die politieke bedeling 'n bydrae te lewer tot reg en geregtigheid?

Wat sê die Here in Matt. 7:21? "Nie elkeen wat vir my sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil *doen* van My Vader wat in die hemele is."

Ek dink dat as ek waarlik bekommerd en skuldig voel oor my politieke en finansiële bevoorregting, ek eerder dié deel van my salaris of vergoeding wat my nie toekom nie, moet afstaan aan die minderbevoorregtes.

Wil die mense wat dan met so 'n sware las van skuld ten opsigte van bevoorregting loop, nie vir ons 'n voorbeeld stel en maak soos Jesus in Matt. 19:21 vir die ryk jong man gesê het nie?

## WARE TOETS

"As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My." Is dit nie dalk die ware toets vir Christenskap nie? Of voel u soos WDJ dat die toets vir Christenskap meer spesifiek die politieke moraal is?

Nee, ek dink baie van ons, selfs die bestes, vroomstes en grootstes onder ons sal moet sê: So 'n offer is té groot! Wie van ons sal vandag soos die eerste bekeerdes van Handelinge 2:45 ons eiendomme en besittings verkoop en verdeel volgens wat elkeen nodig het? Baie min!

Sal baie van ons nie dalk sê: Maar Here, as die politieke struktuur eers reg is en almal oor een kam geskeer word en daar geen bevoorregting meer is nie, dán sal ek bereid wees om saam met al die ander my deel by te dra. Dán sal ek U volg! Want sien, dan sal daar mos geen armes wees nie! Wat 'n aardse paradys sal dit nie wees nie!

Nee my vriende, die probleem lê veel dieper as dit. Só diep, dat selfs die Góliats onder ons teoloë en politici nie waarlik blywende oplossings vir hierdie probleme het nie.

## RUS EN VREDE

Net Christus, en Hy alléén as die Volmaakte, kan waarlik rus en vrede in 'n baie verwarde wêreld bring. Sóveel rus en vrede dat ek nie met jaloerse oë na die welvaart van 'n ander sal kyk nie, maar aan 'n ander sal gun wat ek aan myself gun, en myself nie hoër sal ag as enige ander skepsel van God nie.

*(Lees WDJ se kommentaar hieronder.)*

# *Jesus het lynreg teen houdings ingegaan*

**WDJ antwoord soos volg op die brief hierbo:**

Die reaksie van mnr. Breytenbach illustreer wat ek gesê het, dat baie Christene sonde net op persoonlike vlak sien en ontsteld raak as 'n mens sê dat sonde ook bo-persoonlike vorme kan aanneem in dinge soos kollektiewe houdings, of ingebou kan word in maatskaplike en politieke strukture.

**PITKOS**

Al die argumente (dat die evangelie niks met politiek te make het nie, dat Jesus Homself nie met politiek ingelaat het nie, dat ware gelowiges onmoontlik blind kan wees vir sekere vorme van onreg, dat ons liewer op persoonlike vlak geld aan die armes moet gee) sê dus net één ding: Praat ons oor ons persoonlike sondes, dan is dit pitkos, maar moenie praat oor ons kollektiewe houdings en ons strukture nie, want dit is "politiek" en dit "besmet" die evangelie.

**BETEKENIS**

Natuurlik is ons persoonlike verhouding tot God en ons naaste fundamenteel. Daaroor verskil ons nie. Maar die Bybel vra van ons om ook ons kollektiewe houdings en ons strukture aan die wet van God te toets. Daarvan getuig die hele Ou Testament.

Ook Christus se woorde, selfs dié wat mnr. Breytenbach aanhaal, het ingrypende betekenis vir hoe ons in ons maatskaplike en politieke lewe aan andere moet doen soos ons graag wil hê dat hulle aan ons moet doen. In Christus se omgang met Samaritane en tollenaars het Hy self ook lynreg ingegaan teen die houdings en strukture van die Joodse gemeenskap.

Ons moet ons Christenskap op al die terreine van ons lewe waar maak, en dus ook op maatskaplike en politieke vlak. Anders bly ons Christenskap ongeloofwaardig.

Ons hoef nie alle beskuldigings aan ons adres as korrek te aanvaar nie. Maar ons sal tog moet erken dat ons nog steeds sondaars is en dat ons geen volmaakte gemeenskap is nie. Tog is dit vir baie van ons so moeilik om dit te erken. Dit kos soms 'n hartsverandering, of wat u dit ook al sou wil noem.

Die Burger 5 November 1984

# Geluk met brief oor teoloë en politiek

**A. KLOPPERS, Cisterama 304, Kusweg, Strand,** skryf:

Ek wil graag mnr. C.F.J. Breytenbach van Clanwilliam gelukwens met sy brief wat in Die Burger van 20 September verskyn het onder die opskrif: "Teoloë moenie hulle oor politiek uitlaat". Mnr. Breytenbach spreek homself nié uit vir óf teen 'n beter politieke bedeling nie, maar maak tereg kapsie teen dié teoloë wat hulle daarmee inmeng. Hy som dit pragtig op wanneer hy sê dat, as hulle hul bepaal by die verkondiging van die Woord, "dan sal dit nie nodig wees om onder 'n geestelike kombers politieke bekering te predik nie".

WDJ antwoord: "Die Bybel vra van ons om ook ons 'kollektiewe' houdings en ons strukture aán die wet van God te toets," en verwys na Christus se omgang met Samaritane en tollenaars om sy "kollektiewe" standpunt te staaf. Maar hierdie voorbeelde wat WDJ aanhaal, berus juis op die streng *persoonlike* gesindheid van die gelowige, soos die Bybel en Christus self duidelik maak. Hy het die verskil geken tussen wat fundamenteel vir élke gelowige is, en dit wat slegs kollektief (d.w.s. nasionaal) is. Die volgende voorbeelde illustreer hierdie verskil duidelik uit die mond van die Here:

## 'KRUMMELS'

(1) Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30–37). Hier is dit naasteliefde, wat fundamenteel is en vir *elkeen* geld. Daarteenoor, in dieselfde era: "Moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie: maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel." (Matt. 10:5) Hier het ons 'n kollektiewe (nasionale) opdrag met betrekking tot Israel.

(2) Dieselfde les leer Hy vir die Kananése vrou toe sy Hom aanspreek as "Here, Seun van Dawid: Maar Hy het haar *nie* 'n woord geantwoord nie", want as "Seun van Dawid" is Hy net gestuur na die "verlore skape van Israel" (Matt. 15:22–25). Sy moes *eers* die regte posisie van Israel erken, en tevrede wees met die "krummels" wat van Israel se tafel geval het.

## SAAMSTEM

(3) Ook Paulus maak nie die fout om die "kollektiewe" en die "fundamentele" (persoonlike) met mekaar te verwar nie: "Wat is dan die voordeel van die Jood? Groot in alle opsigte" (Rom. 3:1–2) – hier is dit kollektief en nasionaal. Maar wanneer dit by die sonde kom, wat fundamenteel is en vir *elkeen* geld, Jood of nie-Jood, sê hy: "Wat dan? Het ons (Jode) enige voorrang? Hoegenaamd nie! want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is, daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie." (Rom. 3:9–10)

Ek sal met WDJ kan saamstem dat dié bevoorregte posisie van Israel, as nasie, tersyde gestel is (Hand. 28:28), maar die feit dat daar nie Jood of Griek is nie, maar almal een in Christus Jesus (Gal. 3:28), en dat die middelmuur van skeiding afgebreek is (Ef. 2:14), beteken nie dat Paulus beter politieke regte vir die heidene (nie-Jode) bepleit het nie – inteendeel, hy vermaan: "Bedink die dinge wat daarbo is, nié wat op die aarde is nie." (Kol. 3:2)

Die vraag wat oorbly, is: Sal al die "kollektiewe houdings" teenoor 'n beter en regverdiger politieke inslag vir die minder bevoorregtes hulle een "jota" nader aan Christus bring? Ek was onder die indruk dat dit juis die taak van die teoloog is, en politiek vir die politikus.

*(Lees W.D.J. se antwoord onderaan dié bladsy.)*

# DIS POLITIKUS SE WERK DIÉ

**J.P. SMIT, Klawervlei, Citrusdal,** skryf:

Ek kan verstaan waarom mnr. C.F.J. Breytenbach van Clanwilliam beswaar maak (Menings 20 Oktober – "Teoloë moenie hulle oor politiek uitlaat") teen W.D.J. se bydrae in Die Burger van 19 September: W.D.J. se verduideliking bevestig net die egtheid van mnr. Breytenbach se beswaar.

'n Koerant bedryf politiek en W.D.J. neem prominent daaraan deel in "Geestelike Waardes". Dit is so dat die NGSK en ander teoloë prominent aan 'n politiseringsproses deelneem.

Die NGSK en die blanke kerk se predikante moet afsonderlik in hul onderskeie gemeentes die evangelie uitdra, en dit pas nie 'n teoloog om hom besig te hou met politieke hervorming nie – dis die politikus se werk.

**GOEIE REG**

Dis die predikant se goeie reg om met sy mense politiek te praat, maar wat nou gebeur, is dat sommige teoloë help om beslag te gee aan 'n nuwe soort maatskaplike bestel wat ideologies volksvreemd is.

# Antwoord ook hierop

**J.S., Tygerberg,** skryf:

W.D.J., wat die rubriek "Geestelike Waardes" in Die Burger behartig, sê in sy antwoord op die brief van mnr. C.F.J. Breytenbach (Menings 20 September – "Teoloë moenie hulle oor politiek uitlaat") onder meer: "Ons moet ons Christenskap op al die terreine van ons lewe waar maak, en dus ook op maatskaplike en politieke vlak. Anders bly ons Christenskap ongeloofwaardig."

Goed en wel, maar toe sy kommentaar begin interessant lyk en 'n mens verder lees om daardie spesifieke maatskaplike en politieke sondes geïdentifiseer te kry, toe sluit hy af. Die "watter" en die "hoe" het uitgebly. Wat het W.D.J. in gedagte gehad?

Daar was wydverspreide eenstemmigheid en ingenomenheid met die besluite oor sekere wette wat die Wes-Kaaplandse Sinode op sy jongste sitting geneem het. Wil W.D.J. nie daar begin en verdere sake uitwys waaraan ons daadwerklik aandag moet gee nie, al sou dit politieke turksvye wees?

# ‘Politiek’ het ook wyer sin

**W.D.J. antwoord soos volg op die drie briewe hierbo:**

Ek kan nie op alles in die briewe ingaan nie. ’n Groot deel van mnr. Kloppers se brief verstaan ek nie. Mnr. Smit se brief suggereer dinge waaraan ek onskuldig is, en J.S. se versoek oorskry die grense van my rubriek. In aansluiting by my vorige reaksie (DB 20/9/84) net die volgende:

1. Dit is eensydig om te sê dat kerk en teologie oor die politiek moet swyg. Natuurlik moet hulle buite die *partypolitiek* bly, en ’n verpolitisering van kerk en teologie is verwerplik. Maar die begrip “politiek” het ook ’n wyer sin, nl. die wyse waarop die gemeenskapslewe juridies georden word. Kerk en teologie het die plig om in die algemeen te sê wat Gods wil volgens die Skrif vir die samelewing van mense is, en dit het politieke konsekwensies. Hulle mag nie swyg oor die sedelike norme wat in ons politieke moraal behoort te geld nie, afgesien van hoe verskillende partye daardie norme in hul programme probeer toepas.

2. Die Bybel skryf nie politieke stelsels of modelle voor nie, maar die basiese norme van die Skrif vir ons verhouding tot God, ons naaste, ons self, ons besittings, rykdom en armoede, arbeid en loon, menswaardigheid en geregtigheid het ingrypende betekenis vir die politiek. Daarin gaan dit om meer as die individuele moraal. Dit gaan ook om die kollektiewe moraal. Mag die teoloog bv. nie praat oor ideologieë, oor stelsels soos sosialisme en kommunisme, of oor sondes soos materialisme, selfsug, uitbuiting en verontregting, vir sover daardie dinge met die politiek te make het nie? Wil ons die mens se politieke lewe aan die toets van Gods Woord onttrek en ontken dat die sonde juis op hierdie terrein verwoesting kan saai? Geen Christen sal dit tog sê nie, veral nie een van gereformeerde oortuiging nie.

**REKENSKAP**

3. In my rubriek skryf ek meestal oor die persoonlike geestelike lewe. Soms is dit egter nodig om te wys op die verband tussen persoonlike vroomheid en politieke geregtigheid. Politiek is nie net iets vir die politici nie. In ’n demokratiese bestel word geregeer volgens die wense van die kiesers. Daarom is ons almal verantwoordelik vir wat in die politiek gebeur. ’n Dagblad is ’n goeie plek om daaroor te praat, want dit kan die blad self, sy lesers en veral die politici daaraan herinner dat God van ons rekenskap sal vra oor alles wat ons gedoen het, ook op maatskaplike en politieke terrein. Christus is immers koning oor ons hele lewe.